



PLAASLIKE MARKTE - ONTSTELLEDE WERKLOOSHEIDSYFERS BEKEND GEMAAK

Suid-Afrika se werkloosheidskoers het in die eerste kwartaal van 2021 tot 'n rekordvlak toegeneem aangesien die land steeds sukkel om die impak van die COVID-19 pandemie, wat in 2020 sakebedryghede skerp geraak het, af te skud. Die werkloosheidskoers het tot 32.6% toegeneem, 0.1% hoër as die syfer wat vir die laaste kwartaal van 2020 bekend gemaak is, aldus 'n verslag wat deur Statistieke SA vrygestel is. Dit is die hoogste koers sedert die verslag 13 jaar gelede vir die eerste keer saamgestel is en toon duidelik dat ekonomiese herstel ná die ergste verswakking in meer as 100 jaar geen betekenisvolle impak op indiensneming gehad het nie. Die ekonomie was uiters swak en werkloosheid reeds hoog voor die pandemie SA getref het.

NOG 'N POSITIEWE MAAND VIR DIE PLAASLIKE MARK

Die JSE Indeks van Alle Aandele het vir die sewende agtereenvolgende maand positief gesluit en die maand op +1.5% afgesluit. Finansiële aandele het veral goed gevaar (die Fini-15 het maand op maand 9% hoër gesluit en staan jaar tot datum op +11.6%), asook goudmynaandele en die aandeelpryse van kleinhandelaars. Die Resi-indeks het maand op maand met 1.4% verswak (+17.5% jaar tot datum) en die Indi-25 het maand op maand op +0.9% gesluit (+11.5% jaar tot datum). Aandele wat goed gevaar het sluit in Gold Fields (+26.5% maand op maand), AngloGold Ashanti (+13.4% maand op maand), Standard Bank (+15% maand op maand), Capitec (+12.1% maand op maand), Richemont (11.1% maand op maand) en FirstRand (+9.8% maand op maand).

Die aandeelprys van Distell was die beste vertoner in Mei en het met 34.5% gestyg nadat die Nederlandse brouerymaatskappy Heineken NV bevestig het dat hy besig is met onderhandelinge om 'n meerderheid aandeel in Distell te bekom. Dis-Chem was in die tweede plek met 'n styging van 29.7% (maand op maand) en kleinhandelaar Mr Price in die derde plek met +28.3% (maand op maand). Steinhoff International was die swakste vertoner met 'n daling van 14.2% maand op maand, gevolg deur Hyprop (-13.8% maand op maand) en Sappi (-11.6% maand op maand) in die derde plek.

RENTEKOERSE ONVERANDERD

Die Monetêre Beleidskomitee van die SA Reserwebank het na afloop van sy vergadering in Mei eenparig besluit om die rentekoers onveranderd te hou op 3.5%, soos algemeen verwag is. Die Bank het sy verwagting vir ekonomiese groei opwaarts aangepas tot 4.2% jaar op jaar, teenoor 3.8% in Maart. Die beter verwagting is danksy beter vertonings in verskeie sektore en algemeen goeie handelomstandighede in die eerste kwartaal van die jaar. Die Bank het wel uitgelig dat die stadige pas van inentings, beperkte kragvoorsiening en beleidsonsekerheid risiko inhou wat ekonomiese groei kan benadeel.

Die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OECD) het spesiale melding van SA in sy Mei 2021 Ekonomiese Vooruitsig gemaak en in 'n verslag gesê Suid-Afrika sal na verwagting eers weer na vyf jaar, in die vierde kwartaal van 2024, die per kapita inkomste wat voor die pandemie gegeld het, behaal. Die verwagting is dat die VSA inkomste per kapita soos voor die pandemie binne 'n jaar en 'n half sal behaal. 'n Ander aanwyser in die verslag wys ook daarop dat die gaping tussen die prestasie van die ekonomieë wat die vinnigste groei en die van SA al groter word – SA se per kapita inkomste is nou 77% laer as die van die OECD se beste vertoners, soos gemeet aan die bevolkings geweege gemiddeld van die 18 lande met die beste koerse.

Die Reserwebank het sy voorspelling vir 2021 inflasie afwaarts aangepas tot 4.2% teenoor die vorige voorspelling van 4.3% en verwag dat inflasie in 2022 en 2023 onderskeidelik 4.4% en 4.5% sal wees. Die inflasiesyfer vir April het tot 4.4% gestyg teenoor 3.2% in Maart, grootliks danksy hoër brandstofpryse. Hoewel dit die hoogste inflasiesyfer is voor inperkings weens COVID-19 bekend gemaak is (inflasie was 4.6% in Februarie 2020), is dit steeds binne die Bank se teiken van tussen 3% en 6%.

President Cyril Ramaphosa het aan die einde van Mei aangekondig dat SA vanaf 31 Mei strenger COVID-19 maatreels in werking gaan stel aangesien die sogenaamde derde vlaag reeds vier van die land se nege provinsies aangeteken is. Die aangepaste regulasies bepaal dat die aantal mense by openbare byeenkomste soos begrafnisse beperk word en dat nie-noodsaaklike besighede soos restaurante teen 22:00 moet sluit vir die nuwe aandklokkeel wat van 23:00 tot 04:00 geld.

Die rand het in Mei besonder goed vertoon en het maand op maand met 5.2% verstewig (+6.5% jaar tot datum). Die plaaslike geldeenheid is gesteun deur swakker as verwagte indiensnemingsyfers in die VSA, wat tot 'n swakker dollar bygedra het, asook stewige kommoditeitspryse, wat deur stygende vraag aangedryf is danksy ekonomiese herstel in verskeie lande.

GOEIE MAAND VIR DIE VOERTUIGMARK

Daar is fluks voertuie verkoop in Mei en die syfers lyk baie beter as dit wat in Mei 2020 aangeteken is. Dit blyk dat die bedryf steeds goed herstel na die inperkings wat verkope verlede jaar benadeel het. Die jongste syfers toon dat 38 337 nuwe motors en handelsvoertuie in Mei 2021 verkoop is – 197.8% meer as die 12 874 wat in die ooreenstemmende maand verlede jaar verkoop is. Motorverkope het met 169% gestyg tot 24 122 (8 966 in Mei 2020) en die verkope van handelsvoertuie het met 288.5% gestyg tot 11 930 (3 071 in Mei 2020).

Verkope van vragmotors het met 'n indrukwekkende 457% gestyg tot 479 (86 in Mei 2020). In totaal is 189 389 nuwe voertuie in die eerste vyf maande van die jaar verkoop, teenoor 130 703 in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar.

INTERNASIONALE MARKTE

- POSITIEWE MAAND VIR INTERNASIONALE MARKTE

Die vernaamste internasionale markte het Mei positief afgesluit, hoewel daar net matige stygings was vir sommige markte. Voortgesette kommer oor inflasie en die pas van wêreldwye ekonomiese herstel het sentiment negatief geraak. Daar is wel steeds optimisme oor die pas van ekonomiese herstel in die VSA en die vooruitsig dat verdere steunpakkette aangekondig sal word.

Twee van die bekendste indekse in die VSA het Mei positief afgesluit. Die S&P 500 het vir die vierde agtereenvolgende maand goed gevaar (+0.5% maand op maand +11.9% jaar tot datum). Die Dow Jones het maand op maand 1.9% hoër gesluit (+12.8% jaar tot datum). Die Nasdaq het nie so goed gevaar nie en die maand 1.5% laer afgesluit (+6.7% jaar tot datum).

Wat ekonomiese data betref toon syfers wat laat in Mei bekend gemaak is dat indiensneming in die VSA al nader aan vlakke soos voor die pandemie beweeg. BBP in die VSA het in die eerste kwartaal tot 6.4% toegeneem teenoor 4.3% in die laaste kwartaal van 2020.

BETER SENTIMENT IN EUROSONE

Optimisme oor ekonomiese herstel in Europa het markte in Mei gesteun en in die streek se grootste ekonomie het die Duitse DAX maand op maand met 1.9% gestyg (+12.4% jaar tot datum). In Frankryk het die CAC 2.8% hoër gesluit (+16.1% jaar tot datum).

Die VK se FTSE 100 Indeks het maand op maand met 0.8% gestyg (+8.7% jaar op jaar). Die VK ekonomie het in die eerste kwartaal met 1.5% verswak (toe die derde stel inperkingsregulasies in werking gestel is), maar was steeds beter as wat algemeen verwag is. Die Bank van Engeland het in Mei gesê die VK ekonomie was op koers om met 5% in die tweede kwartaal van 2021 te groei aangesien die land besonder goed vaar met sy inentingsprogram en wysigings van inperkingsmaatreels op die horison is. Die Eerste Minister Boris Johnson het wel gewaarsku dat die plan om inperkings op 21 Junie ten volle op te hef moontlik uitgestel moet word, aangesien baie nuwe gevalle van 'n nuwe variant van die virus aangeteken is.

In Asië het Chinese markte goed gevaar en die Hang Seng in Hong Kong het maand op maand 1.5% hoër afgesluit (+7.1% jaar tot datum) terwyl die Shanghai Saamgestelde Indeks maand op maand met 'n indrukwekkende 4.9% gestyg het (+4.1% jaar tot datum). Die Chinese aankopersindeks het effens verswak tot 51 teenoor 51.1 in April. Die Nikkei in Japan het maand op maand 2% hoër gesluit (+5.2% jaar tot datum). Kleinhandelverkope in Japan was in April laer maar staan steeds op +12% jaar tot datum, hoewel vanaf 'n lae basis.

Die olieprys het in Mei met 3.1% gestyg (+33.8% jaar tot datum) en veral in die laaste dae van die maand fluks opgegaan op grond van verwagtinge dat vraag gaan toeneem. Die goudprys het maand op maand met 7.8% gestyg (+0.4% jaar tot datum), aangedryf deur vrese oor wêreldwye inflasie en 'n swak dollar.

Bronne: Anchor Capital; The Daily Maverick; Business Day

➔ MAAK GEREED VIR DIE BELASTINGSEISOEN

Die SA Inkomstediens (SARS) het aangekondig dat belastingbetalers vanaf 1 Julie 2021 opgawes kan indien. SARS het ook gesê dat 'n groot aantal individuele belastingbetalers outomaties aangeslaan sal word en dat hierdie proses ook in Julie sal afskop.

BELANGRIKE DATUMS:

Belastingbetalers wat elektroniese opgawes indien kan dit tussen 1 Julie en 23 November 2021 doen. Diegene wat nie elektronies opgawes kan indien nie, kan dit per afspraak by 'n SARS kantoor doen. Voorlopige belastigbetalers en trusts kan vanaf 1 Julie 2021 tot 28 Januarie 2022 elektronies opgawes indien.

➔ BELANGRIKE INSIGTE OOR JOU FIANSIËLE PLAN

- Sluit jou porteuilje buitelandse blootstelling in en hoekom is dit belangrik?
- Is jou testament op datum en hoekom moet dit gereeld aangepas word?
- Hoeveel geld gaan jy moet spaar vir jou aftrede?

Hierdie en baie ander sake van belang vir die behoorlike bestuur van persoonlike finansies word aangespreek deur die span Brenthurst adviseurs in mediaberigte en nuusbriewe. Luister na hulle onderhoude op radio en lees die berigte hier: [Nuusbriewe en artikels](#) en [radio onderhoude](#).

DIE BRENTHURST GLOBAL BALANCED FONDS VIER 10 JAAR

Brenthurst Wealth het tien jaar gelede sy eie internasionale fonds vir die eksklusiewe toegang vir sy kliënte van stapel gestuur. Die fonds het nie net oorleef nie maar goed gevaar en goeie opbrengste vir beleggers gelever. Dit het ook die prestasie van verskeie soortgelyke, en meer bekende, fondse uitgestof.

Magnus Heystek, mede-stigter, direkteur en beleggingstrategie van Brenthurst Wealth sé die vestiging van die fonds was 'n belangrike komponent van die maatskappiese strategie om groter fokus op buitelandse belegging te plaas. "Internasionale markte was besig om van die sogenaamde "groot depressie" van 2007/2008 te herstel en die gevaartekens vir die SA ekonomie was besig om al duideliker te word. Dit was die perfekte tyd om 'n internasionale fonds bekend te stel."

MAAK SEKER DAT 'N BELEGGINGSTRATEGIE EN FINANSIËLE AANGEPAS WORD AS OMSTANDIGHED VERANDER

| | | | |
|----------------------|---------------------|-------------------|---------------------|
| Johannesburg | +27 (0) 11 799 8100 | Claremont | +27 (0) 21 418 1236 |
| Sandton | +27 (0) 10 035 1391 | Bellville | +27 (0) 21 914 9646 |
| Pretoria | +27 (0) 12 347 8240 | Stellenbosch | +27 (0) 21 882 8706 |
| Cape Town Waterfront | +27 (0) 21 418 1236 | Val de Vie Estate | +27 (0) 21 100 3901 |
| | | Mauritius | 00 230 5843 5215 |

BRENTHURST SATELLIET KANTORE:

GARDEN ROUTE | KWAZULU -NATAL | FREE STATE | MPUMALANGA | NORTH WEST

Brenthurst Wealth Management is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer (Reg No: 2004/012998/07) FSP No.7833. Hierdie epos en enige dokumente ingesluit is eksklusief bedoel vir die persoon aan wie dit gerig is en kan vertroulike of wetlik beskermde inligting insluit. As jy hierdie epos foutiewelik ontvang het, wis dit uit. As jy nie die persoon is vir wie dit bedoel is nie mag jy dit nie aan ander bekend maak nie, 'n kopie maak of enige stappe neem gegrond op die inligting wat daarin vervat is nie. Enige ongemagtigde gebruik of bekendmaking is verbied en mag onwettig wees. Die menings en insigte wat in hierdie boodskap gedeel is, is nie noodwendig die mening van die bestuur van Brenthurst Wealth Management nie.